

13 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 6:60-71  
Fokusgedeelte: DL, 2:8

### Geloof is 'n gawe net aan die uitverkorenes

Die leer oor die uitverkiesing was nog nooit gewild by hulle wat nie in God glo nie. As Jesus self verkondig dat “niemand kan na My toe kom as die Vader dit nie aan hom gegee het nie” (vers 65), lees ons wat die mense se reaksie op hierdie prediking van die uitverkiesing was (vers 66): “Hieroor het baie van sy dissipels omgedraai huis toe en nie meer saam met Hom gegaan nie.” Wanneer net die twaalf agterbly, vra Jesus aan hulle 'n verstommende vraag. Hy prys hulle nie omdat hulle nie weggegaan het soos die ander nie, maar Hy vra (vers 67): “Wil julle nie ook weggaan nie?”

Hieruit is twee dinge baie duidelik. Die eerste is: “So het God slegs aan die uitverkorenes die regverdigmakende geloof geskenk om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak.” Hoewel hierdie leer nie gewild is nie bly dit steeds die waarheid. Geloof is 'n gawe net aan die uitverkorenes.

Die tweede saak wat baie duidelik is, is dat God nie begaan is oor groot getalle nie, maar eerder oor ware geloof. Daarom vra Jesus vir die twaalf of hulle nie ook wil weggaan nie! Dat Petrus die ware geloof as gawe ontvang het blyk duidelik uit sy antwoord (vers 68-69): “Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is.”

Petrus het geweet dat daar n t by Jesus vergifnis van sonde en die ewige lewe te kry is. Hy – Jesus – en Hy alleen is immers die Heilige van God. Daarom het Petrus nie sy rug op Jesus gekeer nie, maar by Hom gebly. Mag ons ook so by Jesus bly wanneer ander dalk s  (vers 60): “Wat Hy nou s  is darem te erg. Wie kan daaraan gehoor gee?”

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~